NASKRIF.

Die eerste vier artikels wat in hierdie uitgawe opgeneem is, het deel gevorm van 'n siklus van referate wat gedurende 1965 gehou is voor die Teologiese Studentevereniging „Van der Hoff" aan die Universiteit van Pretoria. Ongelukkig was dit nie moontlik om al die lesings wat in hierdie verband gelewer is vir opname in hierdie nommer te bekom nie. Sodra die ander lesings deur die betrokke referente beskikbaar gestel word, sal dit ook nog in die HTS. opgeneem word aangesien dit duidelik is dat die besinning, wat deur hierdie siklus lesings gebied is, ook in breër kring van groot waarde kan wees.

— Die Redaksie.